**LAERSKOOL KRUGERPARK**

# VERSLAG

## SAOU (NOORD)

### A. *DIE WAARDE VAN LOPENDE SKRIF*

**1. Ondersoek: Hoe belangrik is lopende skrif?**

Die Werkgemeenskap Grondslagfase het 'n jaar of wat gelede die aanleer van lopende skrif in die laerskool as 'n probleem geïdentifiseer. Die probleem het twee dimensies. Eerstens word daar gevra of dit werklik aangewese is om in die Grondslagfase baie tyd aan die verwerwing van lopende skrif te bestee aangesien die onderrig/formele inoefening daarvan nie in die Intermediêre Fase voortgesit word nie en die mening in sommige kringe bestaan dat lopende skrif nie meer belangrik is nie aangesien die leerder in sy verder lewe nie meer daarop aangewese is nie.

Die tweede dimensie van die probleem is dat daar geen duidelike beleid en riglyne oor die hantering van skrif in die laerskoolfases bestaan nie.

Die aangeleentheid is na die toepaslike leerareakomitees vir kommentaar verwys. Die kommentaar wat ontvang is, waarvan sommige op 'n meningsopname berus, is geanaliseer en kan soos volg uiteengesit word.

- *Die belangrikheid daarvan dat beide drukskrif en lopende skrif deeglik ingeoefen en bemeester word.*

  Die formele inoefening en verwerwing van skrif, ongeag lopende skrif of drukskrif, is noodsaaklik weens die volgende redes:
  - Deeglike skrifinoefening as sodanig is noodsaaklik. Sonder inoefening, skryf die leerder uiteindelik onleesbaar.
  - Die inoefening van skrif volgens bepaalde, eenvormige reëls impliseer die toepassing van 'n dissipline wat die ontwikkeling van 'n gedissiplineerde persoon in die breër sin bevorder.
  - Deur die inoefening van skrif as 'n vaardigheid, ontwikkel die leerder 'n persoonlike styl wat bydra tot die ontwikkeling van 'n eie karakter en persoonlikheid.
  - Die inoefening en bemeestering van skrif moenie (hoef nie) tot die Grondslagfase beperk te word nie. Die feit, dat dit tans nie in die Intermediêre Fase aandag geniet nie, bring mee dat daar baie leerders is wat by voltooiing van die laerskoolfase nie ordentlik kan skryf nie.

- *Die belangrikheid van lopende skrif.*

  Die kommentaar is oorwegend ten gunste van lopende skrif en die redes wat verskaf word hou verband met die ontwikkeling van die leerder as individu, die voordele wat die bemeestering van lopende skrif inhou, en die nadele wat nie-bemeestering inhou:
  - Lopende skrif is besonder geskik vir vinnig skryf en is minder vermoeiend. Lopende skrif is daarom noodsaaklik om die groterwordende werksomvang en -tempo in die senior grade sonder onnodige vermoeiing te kan hanteer.
  - Dit stel die leerder in staat om tekste wat deur ander in lopende skrif geskryf is, te kan lees. Lopende skrif word wêreldwyd gebruik en iemand wat dit nie kan lees nie word dus benadeel.
  - Indien 'n bepaalde skool nie voldoende aandag aan die bemeestering van lopende skrif gee nie, word sy leerders benadeel as hulle skool moet wissel en in 'n skool beland waar lopende skrif as belangrik geag word.
  - Lopende skrif is voordelig vir die leerder se ontwikkeling omdat dit heelwat meer motoriese vaardigheid as drukskrif vereis. Ritme, vloei van beweging, ruimtelike oriëntering (helling, beweging van liggaam) en spoed speel 'n belangrike rol. Dit behels ritmiese en vinnige bewegings waarby vingerspiere belangrike oefening kry, en dit verbeter dus ook fyn motoriese vaardigheid.
  - Lopende skrif het 'n remediërende waarde, byvoorbeeld met betrekking tot die omkering van letters.

Die minderheidsmening, naamlik dat daar nie op die verwerwing van spesifiek lopende skrif gekonsentreer hoef te word nie, is feitlik uitsluitlik daarop gegrond dat die moderne samelewing nie meer vereis dat die individu lopende skrif moet kan skryf of lees nie en dat die tyd wat aan die verwerwing daarvan bestee word, beter aangewend kan word.

- *Riglyne vir die formele inoefening van skryfvaardigheid*

Verskeie reaksies het daarop klem gelê dat goeie skryfbemeestering slegs moontlik is indien die formele inoefening van die skryfvaardigheid op die regte wyse geskied. Daar behoort dus duidelike riglyne, reëls of self beleid in die verband te wees. Die volgende is spesifiek in die verband genoem.

- Skrif behoort volgens eenvormige reëls ingeoefen en verwerf te word. Selfs die soort potlood en pen, asook die skrifte (boeke) en lynspasiëring behoort voorgeskryf te word.
- Drukskrif behoort eers goed bemeester te word voordat daar met die inoefening van lopende skrif begin word. Laasgenoemde kan in Graad 2 begin, maar met potlood en die klem steeds sterk op drukskrif.

- Die formele inoefening van lopende skrif behoort in die Intermediêre Fase voortgesit te word. Trouens, die gebruik van ink behoort eers in Graad 4 te begin, nadat die leerder die lopende-skrifvaardigheid ten volle bemeester het.
- Voldoende tyd behoort aan formele skrifinoefening bestee te word, in beide die Grondslagfase en ook die Intermediêre Fase.
- Leerders met psigomotoriese gestremdhede behoort op 'n soepel wyse hanteer te word.
- Leerders moet eers in die Hoërskool toegelaat word om tussen lopende skrif en drukskrif te kies.

**2. Gevolgtrekking**

Dit blyk uit die kommentaar in Paragraaf 1 dat:

- Dit noodsaaklik is dat voldoende tyd in beide die Grondslagfase en Intermediêre fase aan die formele inoefening en verwerwing van skrif, eers drukskrif en dan lopende skrif, in terme van eenvormige reëls bestee moet word, en dat
- Elke leerder die lopende skrifvaardigheid ten volle behoort te verwerf en 'n eie handskrifstyl behoort te ontwikkel.

**3. Aanbeveling / wenke**

Daar word sterk aanbeveel dat skoolhoofde:

- Hul beleid oor skrif, soos in die skoolbeleid vervat, sal hersien sodat bogenoemde gevolgtrekkings daarin beslag sal vind; en
- In die beleid voorsiening sal maak vir die gebruik van die toenmalige Transvaalse Onderwysdepartement se *Sillabus en Handleiding vir Skrif* in Graad 1 tot Graad 6.

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE **30ste** DAG VAN **SEPTEMBER 2018**

____________________________
Beheerliggaamvoorsitter

____________________________
Hoof: Laerskool Krugerpark